

RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2017



PSG GROEP BEPERK

SVDD-WAARDE van R262,32 per aandeel op 6 Oktober 2017

TUSSENTYDSE DIVIDEND ↑ 10% tot 138 sent per aandeel

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE bestendig teen 412 sent per aandeel

OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in verskeie industrieë insluitend bankwese, onderwys, finansiële dienste, voedsel en verwante sake, asook vroeëfase-beleggings in groeisektore. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R54mjd.

PRESTASIE

Die twee sleutelmaatstawwe waarvolgens PSG prestasie meet, is die *som-van-die-dele* ("SVDD")-waarde en *herhalende wesensverdiens*te per aandeel, aangesien langtermyn groei in PSG se SVDD-waarde en aandeelprys sal afhang van onder meer volgehoue groei in die *herhalende wesensverdiens*te per aandeel van ons onderliggende beleggings.

SVDD

Die berekening van PSG se SVDD-waarde is eenvoudig en verlang beperkte subjektiwiteit aangesien 91% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 31 Augustus 2017 was die SVDD-waarde per PSG-aandeel R261,05 (28 Februarie 2017: R240,87), wat 'n styging van 8% verteenwoordig. Op 6 Oktober 2017 was dit R262,32 per aandeel. Op 31 Augustus 2017 was die 5-jaar saamgestelde jaarlikse groei koers ("SJGK") van beide PSG se SVDD-waarde en aandeelprys 31%.

Bate/Las	29 Feb	28 Feb	31 Aug	6 Okt	Deel van totaal	5-jaar SJGK*
	2016	2017	2017	2017		
	Rm	Rm	Rm	Rm		
Capitec*	16 820	25 727	31 954	31 689	53%	35%
Curro (<i>Stadio ingesluit</i>)*	9 773	11 180	8 877	9 653	16%	18%
PSG Konsult*	5 441	6 084	7 210	7 250	12%	34%
Zeder*	2 815	5 398	4 607	4 382	7%	17%
PSG Alpha*	1 367	1 909	2 510	2 530	4%	23%
Dipeo*	557	812	546	480	1%	
Ander bates						
Kontant [^]	2 895	1 513	1 196	1 163	2%	
Voorkeuraandeelbeleggings en lenings ontvangbaar [^]	1 335	2 002	2 128	2 120	4%	
PSG Corporate ⁺⁺	1 510					
Ander [^]	128	71	69	59	1%	
Totale bates	42 641	54 696	59 097	59 326	100%	
Ewigdurende voorkeuraandeel-befondsing*	(1 309)	(1 350)	(1 358)	(1 304)		
Ander skuld [^]	(949)	(949)	(950)	(957)		
Totale SVDD-waarde	40 383	52 397	56 789	57 065		
Aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	216,3	217,5	217,5	217,5		
SVDD-waarde per aandeel (R)	186,67	240,87	261,05	262,32		31%
Aandeelprys (R)	173,69	251,43	252,60	246,17		31%

* Genoteer op die JSE Bpk * SVDD-waarde ** Waardasie ^ Drawaarde

Gebaseer op aandeelprys/SVDD-waarde per aandeel

Let wel: PSG se huidige SVDD is beskikbaar by www.psggroup.co.za

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

Gedurende die sesmaande-oorsigtydperk het PSG se kernbeleggings bevredigend presteer wat *herhalende wesensverdiens*te per aandeel aanbetref (Capitec het met 17% gestyg; Curro met 22%; PSG Konsult met 10%; en PSG Alpha met 23%). Dit is egter teengewerk deur Zeder se swakker prestasie (75% laer), aangesien dit grotendeels belê is in die voedsel- en verwante sektore wat negatief geraak is deur besonder strawwe toestande.

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig	
	31 Aug 2016	Verandering %	31 Aug 2017	28 Feb 2017
	Rm		Rm	Rm
Capitec	538		628	1 164
Curro	47		61	96
PSG Konsult	132		147	300
Zeder	79		27	275
PSG Alpha	49		66	133
Dipeo	(3)		(34)	(20)
PSG Corporate	38		(18)	29
Ander (<i>hoofsaaklik voorkeurdividendinkomste</i>)	51		68	112
Herhalende wesensverdiens te voor befondsing	931	1,5	945	2 089
Befondsing (<i>netto van rente-inkomste</i>)	(49)		(57)	(104)
Herhalende wesensverdiens te	882	0,7	888	1 985
Nie-herhalende items	126		(107)	160
Wesensverdiens te	1 008	(22,5)	781	2 145
Nie-wesensitems	16		52	17
Toeskryfbare verdiens te	1 024	(18,7)	833	2 162
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	214,2	0,6	215,4	214,2
Verdiens te per aandeel (sent)				
- Herhalende wesens-	411,8	0,1	412,1	926,6
- Wesens-	470,5	(22,9)	362,6	1 001,4
- Toeskryfbare	477,8	(19,1)	386,4	1 009,0
Dividend per aandeel (sent)	125,0	10,4	138,0	375,0

Wins voor finansieringskoste en belasting soos vervat in PSG se gekonsolideerde inkomstestaar in die volledige aankondiging het met 32% tot R1,4mjd afgeneem - hoofsaaklik as gevolg van Zeder se swakker finansiële prestasie en ongerealiseerde billikewaarde-verliese wat op Dipeo se beleggingsportefeulje gely is, teenoor ongerealiseerde billikewaarde-winsse wat in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar behaal is.

VOORUITSIGTE

Hoewel veral Zeder gedurende die oorsigtydperk strawwe toestande die hoof moes bied, glo ons dat PSG se beleggingsportefeulje bogemiddelde opbrengste sal aanhou lewer. PSG het tans R1,2mjd kontant beskikbaar vir verdere beleggings.

DIVIDEND

PSG se beleid is steeds om tot 100% van beskikbare vrye kontantvloei as 'n gewone dividend te betaal, waarvan ongeveer een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteure het besluit om 'n tussentydse bruto dividend van 138 sent (2016: 125 sent) per aandeel uit inkomstereserwes te verklaar vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2017.

Die tussentydse dividendbedrag, na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 20%, is 110,4 sent per aandeel vir aandeelhouders wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 231 449 404, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums vir hierdie dividendumuitkering is:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Dinsdag, 31 Oktober 2017
Verhandeling sonder dividend begin	Woensdag, 1 November 2017
Rekorddatum	Vrydag, 3 November 2017
Betaaldatum	Maandag, 6 November 2017

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 1 November 2017, en Vrydag, 3 November 2017, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

ONGEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie verkorte aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige aankondiging wat op Woensdag, 11 Oktober 2017 op die Sekuriteitebeursnuusdiens ("SENS") vrygestel is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by www.psggroup.co.za of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die geregistreerde kantoor van die maatskappy of die maatskappy se borgmakelaar. Enige beleggingsbesluite moet gegrond word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direksie

Jannie Mouton
Voorsitter

Stellenbosch
11 Oktober 2017

Piet Mouton
Hoof Uitvoerende Beampte

Wynand Greeff
Hoof Finansiële Beampte

PSG GROEP BPK: Registrasienommer: 1970/008484/06
JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

DIREKTEURE: JF Mouton (Voorsitter)*, PE Burton[^], ZL Combi[^], FJ Gouws⁺, WL Greeff (HFB)*, JA Holtzhausen*, MJ Jooste* (Alt: TLR de Klerk), B Mathews[^], JJ Mouton*, PJ Mouton (HUB)*, CA Otto[^]
*Uitvoerend *Nie-uitvoerend ^Onafhanklik nie-uitvoerend

MAATSKAPPYSEKRETARIS EN GEREGISTREERDE KANTOOR: PSG Corporate Services (Edms) Bpk, 1ste Verdieping Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank, 2196; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

BORGMAKELAAR: PSG Capital

OUDETER: PricewaterhouseCoopers Geïnk